Publication: SAKE 24 (Beeld)
Date: 2015-09-10
Page: 15

Sakevertroue is by resessievlak

Dalende sakevertroue wys dat Suid-Afrika baie maklik oor die afgrond na 'n resessie kan val.

Rand Merchant Bank (RMB) en die Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) se sakevertroue-indeks het in die derde kwartaal met nog 5 punte tot 38 punte geval.

Veral kleinhandelaars se vertroue het skerp gedaal omdat hul wins onder al hoe groter druk kom.

Die BEO sê in die verlede het 'n punt van minder as 30 'n resessie voorafgegaan, en 38 is nie ver daarvan af nie.

Ettienne le Roux, RMB se hoofekonoom, sê enigiets kan die ekonomie oor daardie drempel stoot. Dit sluit in die dreigende staking in die goudmynsektor of nog 'n "kwaai hou" vir die staalbedryf.

"Die ekonomie se weerstandsvlak is bloot nie sterk genoeg nie."

Die indeks is nou die laagste sedert einde 2011.

Sakevertroue in die kleinhandelsektor het met 18 punte tot 34 geval en dié van groothandel met 14 punte tot 50. Vervaardigers en handelaars in nuwe motors het effens meer vertroue, wat toegeskryf kan word aan die lae vlakke in die vorige kwartaal.

Die Suid-Afrikaanse Kamer van Koophandel en Nywerheid se sakevertroue-indeks, wat verlede week uitgereik is, het in Augustus teruggesak ná 'n effense opflikkering in Julie en is nou 8,5 punte laer as die hoogste vlak vanjaar.

In 2014 was die verskil tussen die hoogste en laagste sakevertroue-indeks slegs 4 punte.

This material has been copied under a DALRO licence and is not for resale or retransmission